

15

JESUS LEER ONS Doen goed aan ander

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat as hulle vir God lief is, hulle ook hul naaste moet liefhê.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- Jesus ons leer om God lief te hê.
- ons ons medemense moet liefhê soos wat ons onself liefhet.
- as ons God liefhet, ons aan ander goed moet doen.
- ons aan ander moet doen wat ons aan onself gedoen wil hê.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees –

- om alle mense te help.
- om vriendelik met alle mense te wees.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om prakties te gaan wys dat hulle iemand anders liefhet.

MEER INLIGTING (Matteus 7: 7-12; Matteus 22: 34-40)

Jesus leer ons hoe ons moet lewe. Ons moet vir God en ons naaste lief wees. Kom ons luister wat Jesus ons leer. Ons lees Matteus 22: 37 en 39.

As ons mekaar nie liefhet nie, kan ons ook nie sê dat ons God liefhet nie. Dit wat ons vir mekaar sê, wat ons oor mekaar sê en wat ons vir mekaar doen, wys of ons mekaar liefhet. Dit

is nie net ons woorde wat ons liefde vir ons naaste en God wys nie, maar ook dit wat ons doen. As ons God liefhet, sal ons graag goeie dinge doen en ons maatjies help.

Ons moet aan ander doen wat ons wil hê hulle aan ons moet doen. Kom ons lees Matteus 7: 12.

Wanneer jou maatjies iets aan jou doen wat jou ongelukkig maak, moet jy steeds vriendelik bly en goed doen aan hulle. Ons moenie met ander lelik wees omdat hulle met ons lelik is nie. Soos ek wil hê dat ander aan my moet doen, so wil God hê dat ek ook aan hulle moet doen. As ek vir God lief is, sal ek ook vir ander lief wees, al doen hulle my kwaad aan.

Daar is soveel maniere waarop ek aan ander goed kan doen. Ek kan vriendelik wees, luister en probeer verstaan as ander met my praat, altyd dankie sê, komplimente vir iemand gee, gunsies vir mekaar doen, help as iemand in die moeilikheid is en baie ander dinge. Omdat ons God se kinders is wat mekaar nodig het, kan ons 'n groot verskil maak deur ons liefde elke dag teenoor mekaar uit te leef.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Kleurkryt.
- 'n Muurkaart met Matteus 7: 12 daarop:

Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders die werk wys wat hulle by Les 8 in hul boeke gemerk het oor wat hulle vir die Here gaan doen het.
- Kontroleer of hulle nog die volgende feite ken:
 - Met wie het die Here uit die brandende bos gepraat? (*Met Moses.*)
 - Wat moes Moses vir die Here gaan doen? (*Moses moes die volk Israel uit Egipte gaan uitlei.*)
 - Wat het Moses en Aäron vir die farao gesê om te doen? (*Hy moes die Israeliete laat trek.*)
 - Wat het die Here gedoen toe die farao geweier het? (*Die Here het 10 plae gestuur.*)
 - Wanneer het die farao uiteindelik die Israeliete laat trek? (*Na die 10de plaag, die dood van die eersgeborenes.*)
 - Die Here het vir Moses gehelp om werk vir Hom te doen. Wie help ons om ons werk te doen? (*Ook die Here.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Hoe sal jy voel as 'n maatjie lelik teenoor jou optree?
- Sal dit reg wees as jy ook lelik teenoor hom of haar optree?
- Vandag gaan ons leer hoe Jesus wil hê dat ons teenoor ander moet optree.

IETS INTERESSANT

- Plaas die muurkaart teen die muur.
- Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel hoe Jesus wil hê dat ons moet lewe.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by die kinders in:

- Jesus leer ons hoe ons moet lewe.
- Ons moet vir God en ons naaste lief wees.
- Wat ons sê en wat ons doen, wys of ons God en mekaar liefhet.
- Ons moet aan ander doen wat ons wil hê hulle aan ons moet doen.
- Wanneer iemand iets doen wat jou ongelukkig maak, moet jy steeds vriendelik bly.
- Ek doen goed aan ander as ek –
 - vriendelik is.
 - luister en probeer verstaan.
 - altyd dankie sê.
 - komplimente vir iemand gee.
 - gunsies vir ander doen.
 - help as iemand in die moeilikheid is.

IETS OM TE DOEN

- Laat die kinders Matteus 7: 12 'n paar keer hardop sê: *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen.*
- Laat die kinders die prentjie in hul boeke kies wat wys dat hulle hul naaste liefhet.
- Laat hulle dié prentjie inkleur.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle aan twee dinge dink wat hulle graag sou wou hê iemand anders vir hulle moet sê of doen.
- Laat hulle nou twee persone kies teenoor wie hulle dié dinge gaan doen of sê.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Jesus leer ons hoe ons moet lewe.
- Ons moet vir God en ons naaste lief wees.

- Wat ons sê en wat ons doen, wys of ons God en mekaar liefhet.
- Ons moet aan ander doen wat ons wil hê hulle aan ons moet doen.
- Wanneer iemand iets doen wat jou ongelukkig maak, moet jy steeds vriendelik bly.
- Ek doen goed aan ander as ek –
 - vriendelik is.
 - luister en probeer verstaan.
 - altyd dankie sê.
 - komplimente vir iemand gee.
 - gunsies vir ander doen.
 - help as iemand in die moeilikheid is.
- *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen.*
(Matteus 7: 12)

AFSLUITING

Sluit af met gebed.